

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-3:1, 2 (nuut)

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 92:1, 2, 3 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dade bly, / die werke van sy hande.
- 3 Hoe groot is, HEER, u werke, / hoe diep gaan u beleid! / Hoe reik u moëndheid
oor alle aardse perke! / Maar dwase sit gevange / en in hul waansin vas;
hul weet nie dat hul ras / sal struikel in hul gange.

Gebed

Skrifberyming 12-2:2, 3 (27:2,3)

- 2 Hy wat deur die Gees ontvang is / – die geheimenis is groot! –
en gebore is uit Maria, / uit die maagdelike skoot.
Wat gely het toe Pilatus / onregsvonnis het gevel –
kruis en doodsmart ondergaan het, / al die angste van die hel.
- 3 Wat die derde dag verrys het, / daar die dood Hom nie kon hou;
na die hemel opgevaar het / deur die diep, onpeilb're blou.
Wat nou sit, met eer en sterkte / aan Gods regterhand omgeef,
tot Hy weerkom as die regter / van wat dood is en wat leef.

Skriflesing: Romeine 8:18-30; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1

Kernvers: Romeine 8:28-30

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik. (Romeine 8:28-30 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 1 – Die enige God

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.

2 Kor 3:17; Joh 4:24; Jes 40:14.

Tema: Hoe werklik is God vir jou?

Met volkome wysheid regeer God sodat alles vir ons ten goede is

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons kan die Wese van God nooit as te nimmer ten volle begryp nie, want ons verstandjies is gans te klein en met sonde besmet. Net so is God se wysheid ook ver bo ons verstand uit. Trouens, wanneer ons terugkyk op die geskiedenis van die hele wêreld en na ons eie lewensgeskiedenis, is daar verseker sommige dinge wat ons anders sou wou gehad het as wat die Here dit bestuur het. En tog, wanneer ons in die lig van God se Woord en deur die leiding van die Heilige Gees weer mooi na ander dinge in ons verlede kyk, sien ons hoe presies die Here ons eie lewens saam met die van baie ander mense rondom ons bestuur en regeer. Dan besef ons maar net weer dat die Here se wysheid ver bo ons verstand uitgaan, want kyk net hoe goed het die Here vir ons die dinge laat meewerk.

Alhoewel ons God nie ten volle kan begryp nie, broers, susters en kinders, kan ons nie sê dat ons die Here glad nie kan ken omdat ons verstandjies te klein is nie. Ons kán die Here ken. Hy maak Homself mos aan ons bekend deur sy Woord en Gees, want Hy wil hê ons moet Hom ken, liefhê en vertrou. Net so ook wat die wysheid van God betref: Alhoewel die Here se wysheid ver bo ons begrip en verstand is, beteken dit tog nie dat ons niks daarvan kan weet nie. Ons weet mos van al die wysheid wat die Here in sy Woord aan ons openbaar. Hierdie wysheid van Hom maak Hy aan ons bekend omdat Hy wil hê ons moet dit weet. Hy wil hê dat ons moet weet Hy regeer met volkome wysheid.

Maar wat beteken dit nou vir jou en my in ons lewe van elke dag? Wat baat dit ons om te weet dat God volkome wys is, wanneer ons swaarkry en lyding beleef? Dit is nodig dat ons antwoorde op hierdie vrae kry, want ons glo tog dat God **al die kwaad wat Hy in hierdie lewe oor ons beskik, tot ons beswil verander**. So sê ons dit in Sondag 9 en ook elke keer wanneer 'n babatjie gedoop word. Ons moet antwoorde op ons vrae kry, anders gaan ons verleë en met rooi gesigte staan as 'n ongelowige ons vra: Hoe kan jy sê God is volkome wys terwyl hierdie swaarkry wat jy nou beleef so dom lyk?

Geliefdes, aan die hand van ons Skrifgedeelte wil die Heilige Gees ons vanaand tot 'n gelowige antwoord op ons vrae en op die ongelowige se vraag lei. Om ons iets van die wysheid van God te laat begryp gaan die Heilige Gees die volgende sake aan ons uitwys: Eerstens wys Hy twee sake uit wat ons weet, tweedens, vyf sake oor God waarvan ons beslis oortuig is en, derdens, vyf bevestigings wat nie weerspreek kan word nie.

In hierdie Skrifgedeelte hoor ons dat daar twee dinge is wat ons weet. In die eerste plek: **Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting** (Romei-ne 8:22 AFR83). En nie net die skepping nie; ons sug ook. Ons weet dat ons en die skepping sug. En hierdie sugte is oor die lyding en die swaarkry wat ons en die skepping tans beleef. Maar – 'n groot MAAR – hierdie sugte oor die lyding en swaarkry maak ons nie kortsigtig of selfs blind nie. Die feit dat ons swaarkry en ly, maak nie dat ons maar net hier teen die swaarkry vaskyk en in sak en as gaan sit nie. **Ons weet** mos ook, sê die Heilige Gees, **dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is** (Romeine 8:28 AFR83).

Daar is inderdaad geen mens wat sal stry en sê dat hulle nie weet dat die hele skepping en die mense swaarkry nie. Geliefdes, ook nie een van ons sal so dom wees om te sê dat daar tans niemand is wat lyding beleef nie. Ons kan maar net na die een langs ons of voor ons of agter ons kyk, dan sien ons iemand wat op die een of ander manier nou swaarkry. Ons kan maar net dink aan mense saam met wie ons werk of by wie ons gister gekuier het, dan weet ons daar is tans lyding wat mense laat sug. Ons kan maar net na die plante en die diere kyk, dan sien ons swaarkry weens droogte of op ander plekke swaarkry weens oorstromings. Ons weet inderdaad dat die skepping en die mense sug onder die swaarkry en lyding.

Daarom moet ons ook nie dom wees en te kenne gee dat ons nie hierdie tweede saak ook weet nie. **Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is** (Romeine 8:28 AFR83). Ons weet dit, omdat die Here dit self vir ons sê.

Net soos wat ons oortuig is dat die skepping en die mense swaarkry, net so is ons oor vyf sake aangaande God beslis oortuig. Hierdie vyf sake waaroor ons oortuig is, bevestig dat ons weet dat God alles ten goede laat meewerk. Kyk nou net wat is hierdie vyf sake.

In die eerste plek weet ons dat God in ons lewens aan die *werk* is. In hierdie wêreld en in ons lewe werk alles nie sommer maar vanself saam om vir ons op die ou end die goeie voort te bring nie. Inteendeel, wanneer God sy goeie hand van hierdie skepping af sou terugtrek, sal alles in chaos verander. Om dit vir ons nog duideliker te maak kan ons maar net na ons eie tuine kyk. As ons nie meer ons hand aan die tuin hou nie, nie snoei en die gras sny nie, nie bossies uittrek en omspit nie, word 'n tuin sommer baie gou 'n chaotiese boskasie. As die Here sy goeie hand wegtrek van sy skepping af, sal elke mens maar net na sy eie bouse aard aanfoeter en alles sal in chaos omgekeer word.

Daarom moet ons wegbly van die oppervlakkige trooswoordjies wat sê alles werk einde ten laaste op die goeie uit. Alles in die skepping kan net ten goede uitwerk as God sy goeie hand daarvoor hou en rigting daaraan gee. Omdat die Here alomteenwoordig, almagtig en volkome wys is, weet Hy presies wie waar op 'n spesifieke tydstip moet wees, weet Hy presies wat op 'n bepaalde oomblik in die skepping moet gebeur. En die wonder-like is dat Hy, ons God en Vader, alles presies so bestuur en rig en lei. Jou ou lewetjie mag vir ander mense maar onbenullig wees. Miskien voel jy self of jou lewe nie eintlik veel beteken nie. Luister dan nou weer: Ons weet, ek en jy weet, dat God in elkeen van ons se lewens aan die werk is. En jou en my lewe is vir Hom so kosbaar dat Hy alles, ja, die ganse skepping en al die mense op aarde, laat meewerk ter wille van jou en my. Ten bate van my en jou is God onophoudelik en doelgerig besig met alles wat Hy geskep het.

In die tweede plek weet ons dat God alles *ten goede* laat meewerk. Ons God is goed, geliefdes. Daar is by Hom nie 'n sweepie van afguns of nydigheid of boosheid nie, want Hy is die heilige God wat die sonde haat. Aangesien God self goed is, kan ons verseker weet dat alles wat Hy doen ook goed en volmaak sal wees. Dit is mos hoe ons die Here al op die eerste bladsye van die Bybel leer ken. Na elke dag wat die Here geskep het, staan daar geskryf dat dit goed was. En na die sesde dag sê die Heilige Gees dat dit baie goed was. Al God se werk is dus 'n konkrete bewys van sy goedheid.

Wanneer God alles ten goede laat meewerk vir sy mense, is elke daad en optrede van God 'n berekende optrede, 'n weldeurdragte daad wat die goeie van sy mense sal bevorder. Nou sal ons dadelik wil vra: maar wat is hierdie *goeie* vir ons waarna God werk? Ons gaan dit nou eers net kort en saaklik beantwoord: Die goeie vir ons waarna God werk, is ons uiteindelijke welstand, ons finale verlossing van al ons sondes. Maar netnou meer hieroor.

In die derde plek weet ons dat God *alles* ten goede laat meewerk. Ons weet dat God sy Seun mens laat word het. Ons weet dat God vir Jesus Christus deur die hande van die ongelowige Jode en die heidense Romeine aan 'n kruis laat vasspyker het sodat Hy vir ons sondes kon sterf in plaas daarvan dat ons moes sterf. Vir hierdie daad van God is ons dankbaar en ons loof en prys die Here. Inderdaad, God het twee duisend jaar gelede alles laat meewerk sodat ek en jy vandag in Bellville verlose mense mag wees.

Maar, broers, susters en kinders, hierdie alles waarvan die Heilige Gees praat, is nie net die mooi dinge in die verlede en die mooi dinge in ons eie lewens nie. God het nie net ons ouers, vir wie ons lief is, die gemeente waarin ons is en al die gelowiges rondom ons so bestuur dat ons vandag kan wees wat ons is nie. As die Heilige Gees van *alles* praat, bedoel Hy ook die lyding wat ons nou

verduur en die sugte wat ons sug. Dit wil sê, nie net die dinge wat ons as positief beleef nie maar ook al die dinge wat vir ons moeilik is en baie maal 'n neerdrukkende uitwerking op ons het, word deur die Here ons God bestuur en gerig na die doel wat Hy met ons het. Daarom kan ons seker wees dat alles, of dit mooi of lelik is, of dit goed of kwaad is, ja, selfs die handeling van die Satan, onder die beheersende en oorheersende hand van ons God is. Hy laat letterlik alles meewerk ten bate van jou en my.

In die vierde plek weet ons dat God alles ten goede laat meewerk vir *dié wat Hom liefhet*. Die Here laat nie alles sommer maar net vir elke liewe mens op aarde ten goede uitwerk nie. Daar is 'n beperking vir wie ons grote God alles ten goede laat meewerk. Aangesien die goeie, waarna God toe werk, die volledige verlossing van sy mense is, is die bevoorreedes van God se werk die mense wat Hom liefhet.

Broer, suster en kind, jy weet mos dat jy God liefhet. Ons sing gereeld daarvan. Ons bely dit elke Sondag en ons sê dit ook gereeld vir die Here. Ons het die Here lief. Ja, natuurlik het ons Hom lief omdat die Heilige Gees aanhoudend in ons die liefde van Christus werk om aan die wet gehoorsaam te bly. Dit is deur die Gees se werk in ons dat die eerste en grootste gebod vir ons altyd ons liefde vir God is. As ons dan vanoggend met oortuiging kan sê dat ons God liefhet, kan ons ook sê: ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir ons, want ons weet ons het God lief.

Tog kan ons God net liefhê omdat Hy ons eerste liefgehad het. Dit is dan die vyfde saak waaroor ons oortuig is. Ons weet dat die mense wat God liefhet, dieselfde mense is *wat God volgens sy besluit geroep het*. Ons liefde vir God is die teken en bewys dat God ons eerste liefgehad het en sy liefde het vir ons hoorbaar en sigbaar geword toe Hy ons met sy Woord en Gees na Christus toe geroep het. Maar nou moet ons mooi luister: God het ons nie sommer maar net geroep nie. Hy het ons geroep volgens sy besluit. Dit wil sê, nog voor die skepping het God oor jou en my 'n besluit geneem en daarom is ons na Christus toe geroep.

Kom ons vat net eers tot hier saam, geliefdes. Ons weet twee dinge beslis. Ons weet dat ons en die hele skepping swaarkry en ons weet dat God in alles aan die werk is in ons lewens. En oor God is ons van vyf sake beslis oortuig: Ons weet dat God werk, ons weet dat God ten goede werk, ons weet dat God in alles aan die werk is – niks gebeur sommer maar net nie, ons weet dat ons God liefhet, en ons weet dat God ons liefhet, want ons weet dat Hy ons geroep het volgens sy besluit nog voor die grondlegging van die aarde.

Alhoewel ons hierdie dinge weet, verstaan ons nie altyd hoekom en wat God doen nie en ons verwelkom ook nie altyd alles wat God doen nie. Maar dan herinner die Heilige Gees ons dat God nie vir ons gemak werk nie, maar vir wat goed is vir ons – in alle dinge. En om die oortuiging wat ons nou het nog vaster te maak, gee die Here vyf bevestigings wat nie weerspreek kan word nie. Hierdie bevestigings sluit aan by die *ten goede* en *die geroep* wees volgens God se besluit van vers 28.

Bevestiging nommer 1: **dié wat God lank tevore verkies het** (Romeine 8:29 AFR83), het Hy gekies omdat Hy hulle liefhet. As die Here sê *lank tevore* bedoel Hy nog voor die skepping van die wêreld, nog lank voordat ons iets goeds of kwaads kon doen. Toe al het God uitgekies omdat Hy ons toe al liefgehad het. Ja, geliefdes, ons kan nie verstaan hoe 'n mens iemand kan liefhet wat nog nie bestaan nie, maar nou moet ons ook onthou: God is nie 'n mens nie en sy wysheid is nie afhanklik van sien nie. God het uitgekies ondanks wat ons sou doen, waar ons sou bly, wie ons ouers sou wees. Ondanks alles, ja, ondanks ons totale verloreheid het God ons uitgekies.

Bevestiging nommer 2: **dié wat God verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun** (Romeine 8:29 AFR83). God het ons gekies en 'n besluit oor ons geneem. Hy het lank voor die skepping van die wêreld besluit dat ons Christene sal wees omdat Hy

van ons Christene gaan maak. God het besluit om ons met sy Gees en Woord te hervorm na die beeld van sy Seun. Dit beteken dat ons van sondaars en mense wat geneig is om kwaad te doen omvorm sal word tot heiliges. Heilige mense is mense wat in 'n hegte en persoonlike verhouding met God lewe, wat liefhet soos God liefhet, wat sonde verafsku, wat nederig, sagmoedig en selfbeheersd is. Hieroor het God tevore al besluit. Hy het ons voor die skepping al bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun.

Bevestiging nommer 3: **dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep** (Romeine 8:30 AFR83). God se liefde vir ons en die bewys dat Hy ons uitgekies en bestem het om Christene te wees, het in ons lewe duidelik geword toe Hy ons met sy Woord en Gees na Christus toe geroep het. Wie deur die prediking van die evangelie God se roepstem hoor en deur die Heilige Gees se werk gelowig daarop reageer, kan seker wees dat hy en sy uitgekies is omdat God hulle liefhet. Net so tussen hakies, maak die uitverkiesing evangelisasie oorbodig? Nee, allermens. Uitverkiesing maak evangelisasie brood-nodig, want dit is die manier wat God gekies het om sy uitverkore mense na Christus toe te roep. Die feit dat ons geroep is volgens sy besluit, is die bewys dat God ons uitgekies het.

Bevestiging nommer 4: **dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek** (Romeine 8:30 AFR83). Nog duideliker gesê: God het ons regverdig verklaar. Omdat Christus ons sondes op Hom geneem het om in ons plek as sondaar behandel te word en gekruisig te word, beklee God ons met die geregtigheid van Christus sodat ons regverdig kan wees. Dit wil sê, Christus se volkome gehoorsaamheid word ons toegereken asof ons self aan die kruis gesterf het, asof ons nooit enige sonde gedoen of gehad het nie, ja, asof ons self aan al die gebooie van God gehoorsaam was.

Bevestiging nommer 5: **dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik** (Romeine 8:30 AFR83). Die eindpunt waarna God met jou en my op pad is, is om eendag volmaak te wees, om ontslae te wees van alle sonde en ook die geaardheid om sonde te doen. Ja, God is met ons op pad na daardie punt toe waar ek en jy nooit ooit weer sonde sal kan doen nie, waar ons regtig nuwe liggame gaan hê om op die nuwe aarde vir altyd saam met God te lewe. Dit, geliefdes, is die uiteindelijke goeie wat God vir ons wil hê. Hy wil hê ons moet volmaak en verheerlik wees.

En nou geliefdes, van hierdie vyf bevestigings het die Here al vier van hulle klaar afgehandel. Hy het ons reeds gekies, reeds bestem om Christene te wees, reeds geroep en reeds vrygespreek. Dit is so seker dat God die vyfde bevestiging ook met ons gaan laat gebeur dat Paulus dit geskryf het asof dit klaar gebeur het.

Wat sê al hierdie dinge nou oor die wysheid van God vir ons? Met hierdie vyf bevestigings wat nie weerlê kan word nie, verseker die Here ons met sy Gees en Woord dat sy wysheid vir ons inhou dat alles vir ons ten goede is. Omdat Hy ons voor die skepping van die wêreld al liefgehad en gekies het, bestuur en rig Hy alles – die goeie en die kwade – sodat Hy sy doel met ons kan bereik, naamlik om volmaak en verheerlik saam met Hom op die nuwe aarde kan lewe.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke, van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke. Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge. Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.

3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
3 Junie 2012